

RIETVLEI-DAM NATUURRESERVAAT Pretoria.



NATUURRESERVE

Oornag-rugsakstap roete-terugvoer. 21-23 Augustus 2015. Nomades voetslaanklub.

Agter: Anna-Marie Lotter, Johan Rosemann, Isabel Baatsen, (Gids-Sibusisu), Walter Rosemann, Wilna Moolman; *Voor:* Fritz van de Venter, Renier Botha en Marius Stander stap saam. 8 Stappers.



Vrydagmiddag kom almal by die Rietvleidam natuurservaat (Pretoria) se hoofhek bymekaar waar ons 15:30 ons gids, Sibusisu Dlamini ontmoet. Administrasie afgehandel en voor 16:00 begin ons groepie te stap.

Ons eerste stop is by van die grafte van die damwal-bouers rondom 1934. Ons loop langs die reservaat se groot 'Jan van Riebeeck' lapa verby. Sibusisu vertel ons moet veral versigtig wees vir die buffels, wat die geneigtheid het om 'weg' te hardloop en dan vir jou te storm. Ons eerste lesse oor die diere se mis begin ook as ons gereeld stop en allerande intresantehede vertel word. 'n Goeie aanduiding van die diere wie se mis dit is, is om te kyk wat hy ge-eet het, gras, blare, diere met hare, skulpe/skubbe ens. Ons sien Buffel, Eland en Volstruis. Ystervarke eet dan ook die wortels van plante en graaf dit op, maar los genoeg om nie die plante dood te maak nie. Volhoubare 'oesting'. Die 'Blinkblaar wag-'n-bietjie' of 'Buffalo thorn' sien ons ook.



Die naam is intresant aangesien dit wys op die twee doringkies in verskillende rigting, soos die buffel ook eers weghardloop en dan kom vir jou. Die buffels hou ook van die rooi bessie van die boom. Ons sien ook ons eerste Witrenoster mis. Die bul sal sy mis versprei met sy stert, die koei nie. Grasvreter. Ons sal later 'n paar van die imposante diere ook op ons stap sien. Ons stap so 2km tot by die 'Pendorring hut', waar ons gids huistoegaan en ons die nag oornag. Die vuur was reeds aangepak. Die twee ronde kamertjies netjies en skoon met 2 stapelbedjies en dik matrasse in elk. 'n Son-verwarmde-warmwater stort en 'n spoeltoilet. 'n Lekker sit-bankie buite. 2 Potte en 'n ketel word voorsien om warm water op die vuur te kook. Genoeg hout word voorsien braai en kook en kuier. Ons sien dan ook die gedenkplaatjie dat die staproete op 12 November 1993 geopen is deur N.J. Van der M. Stofberg.



Saterdag oggend 8h00 is Sibusisu daar. Ons sluit die hut en vat die 'vlei' of dam-pad. Daar is verskeie opsies waarop die gids sou kon besluit om die stappers te neem, veral omdat die paadjies glad nie gemerk is nie. Ons kom gou tot baie naby aan die dam en sien die alleen buffel by die water, die seekoei in die water en die witrenoster teen die koppie. Verby die voerplek waar plaaslike hoenderboere en ander hoenders en ander karkasse aan die reservaat skenk, vir die 'wilds-restaurant'. Ons stap ook naby die bos verby waar 'n flik 'n paar jaar gelede geskiet is en 'n hele 'dorpie' gebou is, maar dit het al te veel verval om veilig te besoek. Ons sien ook oral die 'lugpype' wat die netwerk van boorgate en ander pype in die reservaat aan mekaar bind. Sowat 10% van Pretoria se water word blykbaar deur die reservaat voorsien dmv die boorgate, fonteine, invloei en die vlei.




Oor die Otterbrug waar ons eers bietjie rus. Ons word vertel van die sement struktuur by die Otterbrug, juis om die invloei uit die stroompie na die vlei eweredig te maak. Ons sien nie die otters nie, maar wel hul mis met die skulp/dop dele in.



Op die dam sien ons die sonkragedrewe roerders wat sorg dat die dam se water nie stagneer nie en suurstof in die water plaas. Ons stop by die 'Island view' voëlskuiling wat die Vriende van Rietvlei opgerig het en instandhou. Drink bietjie water en benut die fasiliteit.



Nou oor die vlakte, dit raak warm. Ons sien vir skilpad. Ons kruis 'n vlei-area met 'n stompepaadjie wat nou onlangs eers gemaak is en nog bietjie stewig gemaak moet word, maar heel funksioneel is.



Uiteindelik by ons middag-ete-bos. 'n Lekker lang stop. Tee-water word gekook en versnapperinge geniet. Party vang 'n kort slapie, ander is net rustig. 'n Welcome stop in die koelte van die bos. Wie sou kon dink binne 'n paar kilometers na enigekant is of die R21 of die Delmaspad of Suidelike dele van Rietvaleirand. Die elande groet ons ook vandag. Verby een van die ondergrondse resorvors naby die leukamp-hek (aan die Oostekant van die Delmas pad) waarheen ook toere onderneem kan word. Ons sien ook die graf van Jacob Willem van Reenen, oorleden 1916.



Weer onder 'n lekker ou groot boom bietjie die hitte van die dag probeer ontglib. Dit dag raak nou lank en warm en die drinkwater min.

En ons het nog ons rugsakke ook wat ons self dra.

Naby die Maree-dam verby oor die 'vlei-brug' en na 'n entjie op die motorpaai om die roete ietwat korter te maak bereik ons die grafte van Michiel Christiaan Elardus Erasmus. 1849-1895, die 3de eienaar van die plaas Rietvlei, Hier is ook 'n paar ander grafte. Na 'n kort entjie, maar tog teen 'n lekker helling uit bereik ons die Protea hut. Almal is verlig en skoene is vinnig uit. Die stofies word opgesteek vir tee. Ander stort.



Die hut is dieselfde 'plan' as die vorige hut. 2 kamertjies. 2 stapelbeddens elk, sonverwarmde water wat heelik warm is, die vuurjie is weereens reeds gepak!. Ook een storthokkie uit die een kamer uit en die wasbak in die ander kamer.

Hier is ook 'n perdekampie, vir die' wat die oornag-perde roete sou wou doen.

Heerlik die aand vleisie gebraai en om die vuur gekuier na 'n lang dag, maar ons het baie gesien en ervaar en geleer.

Aan die Suidekant van die reservaat is dan ook die Apolo substasie en die groot Corobrick sement fabriek wat ons wel die' Saterdagand van ons hut af die liggies gesien het. Dit pla nie. Maar steeds met die klank van die Jakalse hier onder ons kamp in die nag. Ons reel weer



dat Siby ons die Sondag om 8:00 kry sodat ons die laaste sowat 5.3km terug na die hoofhek kan loop waar ons motors vir ons wag. Siby is nie seker van die afstand nie, maar weet dit is so 2 ure se stap. En hy was binne 'n paar minute reg. Dit lyk asof hy al die paadjie gestap het.



Sondag oggend die stofies weer opgesteek vir koffie en pap-water en als gepak vir die laaste trek. Sommer vroeg al 'n paar wit-renoster onder in die vlakte gesien saam met 'n klompie ander diere. Lekker breë oopgesnyde paadjie en ons laaste sig op die dam en damwal.

Ons dankies gesê en groete gegroet en 'n paar van ons gaan eet toe sommer 'n ligte en baie lekker middag-ete by die restaurant in die reservaat, waar die renoster ook kom eet (anderkant die draad) en gevoer word. 'n Heerlike naweek word afgesluit met ook naby aansigte van die indrukwekkende diere net anderkant die heinig. Julle het uitgemis op 'n heerlike naby stap. Kom gerus !!!



Finansies:

Inbetalings deur 8 stappers : R1900
 Uitbetaling aan City of Tshwane -
 Rietvleidam: R1760 (R220*8)
 Fooi vir gids-Sibusisu : R100, Vuuraanstekers : R14
 Projek surplus : R26

Groete

Marius Stander

Nomades Voetslaanklub

WWW.NOMADES.CO.ZA

MariusStanderPTA@gmail.com

